# Dagboekinskrywings

Naam:

**Waaruit bestaan ŉ dagboekinskrywing gewoonlik?**

- Datum
- Liewe Dagboek
- Beskryf hoe jy voel/vertel kortliks hoe jou dag was
- Brei uit op jou gevoelens en/of gebeure van die dag
- Sluit af met jou naam
- Onthou: Jou dagboek is soos jou maat. Jy gaan dus informele taal gebruik om met jou dagboek te "gesels".

**Voor jy lees:**

- Werk saam met ŉ maat en kyk na die illustrasies: Hoe dink jy voel die verskillende dagboekskrywers?
- Vluglees deur die dagboekinskrywings en maak afleidings hoekom die skrywers so voel.

Lees nou aandagtig saam terwyl jou opvoeder die dagboekinskrywings lees. Hou ŉ potlood gereed en onderstreep al die onbekende woorde in die teks. Skryf die woorde later in jou persoonlike woordeboek neer.

Die eerste dagboekinskrywing is deur die dogtertjie wat die sterretjies gemaak het, geskryf. Die tweede dagboekinskrywing is deur Katja geskryf.





© e-classroom 

# Dagboekinskrywing 1

23 Mei 1023

Liewe Dagboek

Jammer ek vertel jou hierdie tyd van die nag eers vir jou hoe my dag was. Jy sal nie glo wat gebeur het nie! Dit is ongelooflik!

Ek het by die vuur gesit en my wortels geëet. Die vuur was al amper dood en ek was nogal verveeld. Ek besluit toe om die as in die lug te gooi. Raai wat gebeur toe? Die as vorm toe sterre in die lug! Miljoene sterre! Die wyse ou man het die klein sterretjies die Melkweg genoem.

Dis nie al nie. Ek het ook die stukkies wortel wat ek nie geëet het nie in die lug gegooi en hulle het groter sterre gevorm. Hulle skyn so helder. Die sterre lyk pragtig! Ek hoop hulle kom môre-aand weer uit, want hulle is soos liggies in die donker lug.
Ek is nou doodmoeg na al die opgewondenheid en my bed roep my.

Goeienag en baie liefde

Sarah

**Beantwoord die vrae:**

1. Hoe voel Sarah oor die gebeure van die aand?

 ______________________________________________

 ______________________________________________

2. Onderstreep die korrekte antwoord:

 Wat is die stemming (gevoel) van die dagboekinskrywing?

 - hartseer
 - kwaai
 - opgewonde
 - geskok

3. Waarom het Sarah die as in die lug gegooi?

 ______________________________________________

 ______________________________________________

4. Wie het volgens Sarah die Melkweg sy naam gegee?

 ______________________________________________

 ______________________________________________

© e-classroom

5. Wat beteken dit as jou bed jou roep?

______________________________________________________

______________________________________________________



# Dagboekinskrywing 2

14 April 2020

Liewe Dagboek

Dankie tog hierdie dag is verby! Jy sal nie glo wat my eienaars vandag met my gedoen het nie.

Vanoggend het my eienaars my in ons kar gelaai en toe ry ons na tannie Bea se huis toe. Jy weet hoe voel ek oor daardie grillerige, ou huis! Alles in daardie huis is oud en daar is in elk geval te veel goed in elke kamer gepak. Dit is nie eers die ergste nie! My eienaar en tannie Bea klim toe in die kar en gaan strand toe vir die hele dag. Hulle het my stoksielalleen gelos in daardie grillerige plek. Kan jy dit glo?

Gelukkig het ek in die tuin gaan speel en sommer 'n nuwe vriend gemaak. Sy naam is Frederik Flap. Hy is 'n seemeeu en hy het net een poot. Ek weet nie of ek Frederik Flap ooit weer gaan sien nie, want hy woon in tannie Bea tuin.

Ek is pootuit.
Nag, Dagboek.

Katja



© e-classroom

**Beantwoord die vrae:**

1. Hoe voel Katja oor die gebeure van die dag?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

2. Onderstreep die korrekte antwoord:

   Wat is die stemming (gevoel) van die dagboekinskrywing?

   - opgewonde
   - bly
   - geïrriteerd
   - liefdevol

3. Waarom hou Katja nie van tannie Bea se huis nie?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

4. Wat is een positiewe ding wat vandag met Katja gebeur het?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

5. Wat beteken dit as jy sê dat jy pootuit is?

   ______________________________________________

   ______________________________________________

# Memorandum

Bespreek die uitleg van ŉ dagboekinskrywing met die leerders. Leerders voltooi die pre-lees aktiwiteit saam met ŉ maat en luister dan aandagtig terwyl die dagboekinskrywings voorgelees word. Herinner leerders om onbekende of moeilike woorde te onderstreep en in hulle persoonlike woordeboeke neer te skryf. Leerders beantwoord die vrae selfstandig.

**Voorgestelde antwoorde: Dagboekinskrywing 1**

1. Hoe voel Sarah oor die gebeure van die aand?

   ***Sarah voel opgewond en bly oor die gebeure van die aand. (Leerders se antwoorde kan verskil, maar hulle moet ŉ positiewe emosie wat met die vraag verband hou, noem.)***

2. Onderstreep die korrekte antwoord:

   Wat is die stemming (gevoel) van die dagboekinskrywing?

   - hartseer
   - kwaai
   - ***opgewonde***
   - geskok

3. Waarom het Sarah die as in die lug gegooi?

   ***Sarah was verveeld toe sy die as in die lug gegooi het.***

4. Wie het volgens Sarah die Melkweg sy naam gegee?

   ***ŉ Wyse ou man het volgens Sarah die Melkweg benoem.***

5. Wat beteken dit as jou bed jou roep?

   ***Dit beteken dat jy baie moeg is en nou in die bed gaan klim.***

**Voorgestelde antwoorde: Dagboekinskrywing 2**

1. Hoe voel Katja oor die gebeure van die dag?

   ***Katja voel omgekrap oor die gebeure van die dag. (Leerders se antwoorde kan verskil, maar hulle moet ŉ negatiewe emosie wat met die teks verband hou, noem.)***

2. Onderstreep die korrekte antwoord:

   Wat is die stemming (gevoel) van die dagboekinskrywing?

   - opgewonde
   - bly
   - ***geïrriteerd***
   - liefdevol

3. Waarom hou Katja nie van tannie Bea se huis nie?

   ***Volgens Katja is tannie Bea se huis oud en grillerig en daar is te veel goed in haar huis.***

4. Wat is een positiewe ding wat vandag met Katja gebeur het?

   ***Katja het vandag ŉ nuwe vriend gemaak.***

5. Wat beteken dit as jy sê dat jy pootuit is?

   ***Dit beteken dat jy baie moeg is.***